KINDERKERK LES: 1. Wie is ek?

Doel van les:

- Inleiding vir die reeks wat kom oor identiteit in Christus.

Ysbreker (15 min):

- Gee vir elke groep 'n swart sak, kleeflint en skêr. Gee ook 'n sakkie met rommel in soos stukkies geskeurde koerantpapier, stokkies, knopies ens. Elke groep moet een kind kies wat die swartsak gaan dra. Knip nou 'n plek vir die arms en sy/haar kop om deur te gaan en trek dan die swartsak aan. Volgende, kan julle as groep die kleeflint rondom die deel aan die lyf wat die swartsak aanhet draai met die taai kant wat buitentoe wys. Sodra dit gedoen is, kry die kinders om die sakkie met rommel rondom hulle uit te gooi. Nou gaan die kind met die swartsak aan lê en die groep gaan hom/haar liggies oor die rommel "rol" sodat die rommel vassit aan die kleeflint op die swartsak. Leier maak asb seker dat almal versigtig werk met die maatjie en dat dinge nie te rof raak nie. Sodra al die rommel opgetel is met die kleeflint, kan die groep gaan sit.

Sê: Kom ons kyk hoe lyk die maatjies. Hulle is vol gemors. Al daai gagga goedjies sit vas aan hulle. Weet julle dat woorde ook so aan ons kan vassit. Ja julle. Mense sê soms lelike dinge vir ons. Jy is te lank, of jy is te kort. Jou ore is groot en jy lag snaaks. Of dalk jy is dom. Watse lelike dinge het iemand al vir jou gesê? (Wag vir terugvoering).

Ja mense sê soms ongelukkig lelike dinge vir ons en dan glo ons dit. Ons dink dis wie ons regtig is. Maar weet julle, wat mense van ons dink, is nie so belangrik as dit wat God van ons dink nie. Wanneer ek my Bybel lees, dan sien ek dan God baaaaaaie van my dink. Kom ons kyk gou na van die dinge wat Hy van ons dink en hoe Hy oor ons voel.

Aktiwiteit: Raai speletjie. (Wys prentjies vir kinders en kyk of hulle kan raai wat God van hulle dink/hoe Hy oor ons voel).

- **Hartjie – God is lief vir my;**
- **Mannetjie met trofee – Ek is 'n wenner;**
- **Verskillende Skoenlappers – Ek is spesiaal gemaak – daar is net een van my;**
- **Kind met kroon – Ek is die kind van die Koning;**
- **Kersie – Ek is God se liggie hier op aarde;**
- **Verf en kwas – Ek is mooi gemaak deur God;**
- **Smiley gesig – God is bly oor my**

Is dit nie wonderlik om al die dinge te hoor wat God van ons dink nie? Volgende keer as iemand iets leliks van jou wil sê onthou dat wat God dink die belangrikste is.

Groepleier: Lees Psalm 139:14 in groepe.(Psalm 139:14: Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.)

Groepleier sê: Elkeen van ons kan weet dat ons met groot liefde en mooi deur God gemaak is. Ons is wonderlik is Sy oë.

Sluit af met gebed.

Voorbeelde van prentjies

How
God
Sees
Us

GOD'S
MASTERPIECE